Verwysing: 20170714-2962
12/2/13/6
Navrae: A Henriques

Omsendbrief: 0025/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, en Prinsipale van gewone openbare hoërskole

Kort opsomming: *Inkrementele implementering van Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) -letterkunde vir graad 10 in 2018.*

Onderwerp: Inkrementele implementering van Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) - letterkunde vir graad 10 in 2018

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief S13 van 2015 oor die inkrementele implementering van Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) - letterkunde van 2016 tot 2018 uitgereik.

2. In ooreenstemming met die aangehegte nasionale VOO-letterkundekatalogus vir graad 10 tot 12 (2015), vereis Omsendbrief S13 dat letterkunde vir graad 10 in 2018 geïmplementeer behoort te word. Verskeie leemtes is in die vakmateriaal van die voorgenoemde katalogus geïdentifiseer. Die DBO het egter daarop gewys dat hulle tans besig is om die bestaande leemtes te vul. Sodra die prosesse gefinaliseer is, sal die DBO die hersiene nasionale VOO-letterkundekatalogus vir graad 10 tot 12 voorsien.

3. Skole word dus versoek om die VOO-letterkunde vir graad 10 vir studie in 2018 te bestel, in ooreenstemming met die riglyne soos in paragraaf 4 hieronder uiteengesit.

4. Met die bestelling van die letterkundeboeke, moet skole aan die volgende KABV-vereistes voldoen:
Vir Huistaal: een Roman, een Drama en een Digbundel. Vir Afrikatale kan die Roman met Volksoorlewering vervang word.

Vir Eerste Addisionele Taal: enige twee van die genres: Roman, Gedigte, Drama en Kortverhale.

Vir Tweede Addisionele Taal: enige een van die genres: Roman, Gedigte, Drama en Kortverhale.

5. In die volgende gevalle is geen opsies vir letterkunde voorsien nie:
Afrikaans Tweede Addisionele Taal: Geen opsies vir Drama, Gedigte of Kortverhale nie.
Engels Tweede Addisionele Taal: Geen opsies vir Roman, Drama of Gedigte nie.
Xhosa Eerste Addisionele Taal: Geen opsie vir Gedigte nie.
Xhosa Tweede Addisionele Taal: Geen opsies vir Drama, Gedigte of Kortverhale nie.
Sotho Huistaal: Geen opsie vir Gedigte nie.
Sotho Eerste en Tweede Addisionele Taal: Geen genre-opsies nie.
Tswana Eerste Addisionele Taal: Geen opsies vir Roman, Drama of Kortverhale nie.
Tswana Huistaal: geen opsies vir Drama nie.

   Skole moet hulle bestaande letterkunde titels vir die bogenoemde genres gebruik om die leemtes in die nasionale VOO-letterkundekatalogus van 2015 vir graad 10 te vul.

6. Skole moet die aangehegte bestelvorm vir die vereiste getal VOO-letterkundeboeke vir graad 10 voltooi.

   Die getal boeke wat vir elke gekose genre benodig word, moet aangedui word.

   Die voltooide bestelvorm moet teen Vrydag, 25 Augustus 2017 aan Shameez.Gurah@westerncape.gov.za ge-e-pos word.

7. Die WKOD sal die koste van die nuwe letterkundeboeke vir graad 10 dra.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-08-09